## Die Essensie van Neo-Spektrum:

Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

## KONTAKBESONDERHEDE

Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** Almal se insette welkom

## A Course in Miracles

Ons begin weer Donderdag 17 Januarie 2013

Daar is 'n inleidende en gevorderde klas

## BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

**Naam en Van**

________________________________________

**E-Mail**________________________________ **Sel**____________________

**Woonadres**

________________________________________

## ADRES

Vanaf N1 ± 8km tot by sirkel en uit in Koebergweg — tweede straat regs is:

Biccard Straat (Kolping Centre is aan jou regterkant)

Durbanville

**Bankrekening vir bydraes**
**FNB: Wysheidsirkel**
Takkode: **201-409**
Rekening: **551 601 09804**

**BAIE DANKIE**
Ons vra vir 'n maandelikse bydrae
hetsy per koevert of per EFT
**Groot ASSEBLIEF en BAIE dankie**



# Neo-Spektrum

## 6 Januarie 2013

## 'N NUWE BEGIN: KOM ONS DOEN DIT ANDERS!

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Canitque de Jean Racine — Fauré ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

*Dear beautiful you … this is YOUR life*
*(<u>your</u> very own life)*
*get to know YOUR soul, dance YOUR song,*
*take charge of YOUR story,*
*love YOUR day, let YOUR heavy stuff go,*
*embrace YOUR blessings, kiss YOUR beloveds,*
*thank YOUR everything, see YOUR place,*
*stand in YOUR power, forgive YOUR mistakes,*
*drain YOUR secrets of their poison,*
*heal YOUR pain, rest YOUR body,*
*share YOUR talents, practice YOUR passions,*
*find YOUR bliss.*
*Live YOUR LIFE*
*LOVE YOUR life*
*… because the best years of your life will happen*
*as soon as you open your heart to YOUR happiness*

## STILTE VAN BINNE

## STILTE VAN BINNE

# GESPREKSIRKEL

Ek sal hulle 'n ander hart gee en 'n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle 'n hart van vleis gee. Dan sal hulle volgens my voorskrifte leef en my bepalings nakom en daarvolgens optree. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees.

(Esegiël 11:19-20)

## 'N HART VAN KLIP IS ONGEDULDIG, VERGEETAGTIG, EN SONDER DEURSETTINGSVERMOË

*Dink daaraan: water wat effortless vloei, kolwe die hardste klip tot sand.*

1. ***Klippe is swaar waaraan ons swaar dra omdat ons dit nie wil neersit nie***
2. ***Klippe is hard en ontoeganklik en maak ons selfgesentreerd (ekkigheid)***
3. ***Klippe is vuil en maak ons water troebel en 'n steen-desaanstoots vir ander***

## 'N HART VAN VLEES KLOP IN RITME EN VERSKAF DIE HELE LIGGAAM VAN BLOED EN LEWE

*Dink daaraan: bloed wat nie deur die hart bloei nie vloei nêrens nie.*

1. ***Leb: The heart is the centre of splendour, desire, delight = will of God***
2. ***Tiferet: The heart is the centre of beauty, compassion and feelings***
3. ***Tussen Gevurah (standvastig/krag) en Hesed (liefdevolle genade)***

## 'N HART VAN GEES LAAT LOS DIE VERLEDE VIR 'N NUWE HEDE (SONDER SPYT OF VREES)

*Dink daaraan: waar jou hart is daar sal jou skat ook wees.*

1. ***Gees is asem, teenwoordigheid (Shekinah) gesig van God***
2. ***Gees is sin van onderskeiding, harmonie/balans, vrugte***
3. ***Gees is verantwoordelikheid, prioriteit, interafhanklikheid***

Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word. Vernuwe die gees van julle gedagtes. (Efesiërs 4:22-23)

**Reborn means: let go of the past - !!**

---

I BELIEVE IN THE GOD WHOSE BREATH I SHARE
IN WHOSE LOVE AND LIGHT I CAN AWAKEN
TO BECOME WHO I HAVE ALWAYS BEEN
(Riaan Neethling)

Om die 'EK' te <u>skuif</u> na 'n groter Self sodat die-Selfde God met 'n ander my-Self kan wandel

# FOR WHAT YOU GIVE, YOU BECOME !!

~ La Califfa — Ennio Morricone ~

---

# HERINNERING EN SEËNBEDE

Geslagte kom en geslagte gaan,
maar die wêreld bly altyd dieselfde.
Die son kom op, die son gaan onder,
en dan haas hy hom weer na waar hy opkom.
Die wind waai suid, draai noord,
waai hierheen en daarheen en dan draai hy maar weer.
Al die riviere loop in die see in, maar die see word nooit vol nie.
Die riviere hou aan om te loop na die plek toe
waarheen hulle altyd geloop het.
Woorde vervaag mettertyd,
en 'n mens kry nie klaar met praat nie.
Die oog kyk, maar kry nie klaar met kyk nie;
die oor hoor, maar kry nie klaar met hoor nie.
Wat was, sal weer wees; wat gebeur het, sal weer gebeur.
Daar is niks nuut in die wêreld nie.
(Prediker 1:4-9)

Toe sê Hy wat op die troon sit: "Kyk, Ek maak alles nuut."
En daarna sê Hy: "Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar"
"Verder sê Hy vir my: "Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega,
die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee
uit die fontein met die water van die lewe, verniet.
Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry,
en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun (en dogter) wees.
(Openbaring 21:4-7)

---

## AS ONS UITSTAP

~ Chevaliers De Sangreal — Hans Zimmer ~